



Hofsake of Mediasie?

In die redaksioneel van Koersvas is daar geskryf oor getalle en die groot verliese van die NHKA in terme van lidmaat getalle. Die Skietlood wil vra na die belang en betekenis van getalle en lesers uitdaag om hulle eie denke en diepste verbintenis tot meerderhede te toets. Waarom jaag almal getalle na en waarom wil almal in die meerderheids-groep tuiskom? Is klein getalle gedoem tot mislukking? Saam met getalle gaan ook die behepthed met demokrasie. Kom ons kyk eers na demokrasie en verskuif dan ons aandag na die Bybel en getalle.

Demokrasie.

Ons kan met instemming luister na die persoon wat stel dat demokrasie somtyds daarop neerkom dat ses wolwe en 'n skaap stem oor wie gaan aandete wees. Dit is veral in 'n land met die etniese samestelling van die RSA wat dit duidelik word dat demokrasie nie die goue eier is waaroor die haan so spoggerig kraai nie. Een loertjie oor die grens na Zimbabwe is genoegsame bewys dat 'n sogenaamde demokratiese verkiesing die dekmantel word vir 'n magdom vergrype en ongeregthede.

Die oorsprong van die demokratiese gedagte naamlik dat die volk (demos) regeer (kratos), veronderstel dat die gemeenskap bestaan uit vry mense wat hulle eie denke kan bepaal. Die vraag is natuurlik of ons werklik kan praat van die demokratiese *beginnel*. Is dit werklik 'n beginselsaak? Watter ideologie lê agter hierdie gedagte. Een van die hoof agtergron-

de vir die demokratiese ideaal is die humanisme met sy vertroue in die mens en menslike vermoë en ontwikkeling.

Demokrasie is nie 'n natuurwet wat gehoorsaam moet word nie. 'n Demokrasie waarborg nie 'n goeie regering en 'n vooruitstrewende samelewing nie. Demokrasie waarborg nie die waarheid nie. In eie geleedere moet ons tot ons eie skande erken dat die tirannie van die demokrasie selfs sake kan verongeluk. Al het net een persoon gestem ten gunste van die bewering dat "beeld van God in die mens" dwaalleer verteenwoordig, was daardie een mens reg. Die BAKV se besluit verander nie die waarheid nie, dit verskans net die dwaling. Net omdat 77% van 'n vergadering gestem het dat 'n saak nie *ultra vires* is nie, maak dit die saak (of hulle) nie reg nie. Een regter kan met 'n uitspraak baie nader aan die waarheid kom.

Kan 'n klein groepie gemeentes staande bly? Is hulle per demokratiese beweging as "stemminderheid" verkeerd en moet hulle om "vredesnaam" inval by die meerderheid se stem? Wat vind ons in die Bybel?

God roep nie 'n hele stam uit Ur nie, maar een kinderlose paartjie. God belowe getalle wat nie getel kan word nie. God maak van die klein Abram-begin die ontelbare Abraham-skare. Rigters 7 vertel die aangrypende verhaal van 'n klein groepie, 'n Gideonsbende, wat met God se ingrype 'n magtige leer op die vlug laat slaan. Die Ou Testament is deurspek van soortgelyke geskiedenis.

Die Nuwe Testament beskou die saak nie anders nie. Lukas 17 vertel van die tien wat genees is en net een het omgedraai om die Here te dank en loof. Dit was altyd so in die gemeenskap, vandag nog. Die mense wat dankbaar is vir dit wat God vir hulle gedoen het, is maar min. Jesus sê self dat die oes groot is maar die arbeiders min. Ons lees in Matteus 7:14 *“Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min.”* Jesus kan met min kos ‘n hele skare voed.

Moet ons getalle najaag? Handelingte vertel van die twaalf (ja, net twaalf) wat eerste die taak gekry het om die evangelie te verkondig. Hulle het met toewyding die suiwer evangelie verkondig en die gemeente het gegroei. Om dit net duidelik te stel, hulle **fokus** was op die **evangelie verkondig**, getalle was die **resultaat**. God self het daagliks bygevoeg die wat gered is. Is u fokus gehoorsaamheid aan die evangelie of getalle?